VRYPOS
Weeklikse Nuusbrief van die NG Kerk Vrystaat

Jaargang 16 - Uitgawe 4 **9 Februarie 2018**

REDAKSIONEEL

In hierdie uitgawe is daar 'n persverklaring wat deur die Algemene Sinode uitgereik is rakende die regsproses van elf lidmate teen die 2016 besluite oor selfdegeslagverhoudings. Gemeentes kan weer die gebedsversoeke vir die komende week na goeddunke gebruik, soos wat julle elkeen se omstandighede bepaal. Leraars moet uitkyk vir inligting oor 'n besoek van 'n welbekende prediker, Thomas Long aan Bloemfontein; daar is ook 'n uitnodiging vir die opening van die Teologiese Fakulteit (UV) vir belangstellendes wat dit graag wil bywoon. Neem kennis van ander nuusgebeure/inligting en raak gerus betrokke waar dit moontlik is...

'n Gedagte vir die week: ***Hoop*** *is die enkele gloeiende kooltjie wat in die grys as lê en smeul...* ***Hoop*** *is die klein bietjie warmte wat 'n hele vuur kan aansteek.* ***Hoop*** *is daardie een klein gloeilampie wat die donker pad vorentoe verlig.*

ALGEMENE SINODE NUUS

Nederduitse Gereformeerde Kerk
EEN LIGGAAM EN EEN GEES

VERKLARING VAN DIE NG KERK MODERATUUR

Elf lidmate van die NG Kerk het gedurende 2017 'n regsproses begin om die 2016 Algemene Sinode se besluit oor selfdegeslagverhoudings nietig te verklaar. Die elf het met verloop van tyd eedsverklarings afgelê. Die NG Kerk het nou daarop gereageer deur opponerende eedsverklarings te beteken en te liasseer. Daar is nog een eedsverklaring, die van ds Thijs van der Merwe van Windhoek uitstaande, wat binnekort beteken en geliasseer sal word. Na datum daarvan het die applikante tien hofdae tyd om op die eedsverklarings repliek te lewer.

Die NG Kerk het reeds in Junie 2017 besluit om die aansoek te opponeer. Die kerk se regspan het toe so kennis gegee. In die media is onlangs verwys na 'n vasgestelde hofdatum vir hierdie saak in April 2018. Dit is egter in 'n hof waar onbestrede aansoeke aangehoor word en is dus nie in hierdie proses toepaslik nie.

Tydens die verloop van hierdie proses het beide partye aan die ander by geleentheid uitstel verleen met betrekking tot sperdatums.

Die applikante het reeds vroeër via hul prokureurs aangedui dat hulle graag die moontlikheid van 'n arbitrasieproses sal wil benut om die saak te besleg. Die regspanne van die twee partye het ooreengekom om nadat alle eedsverklarings gewissel is, oor die gebruikmaking van die arbitrasieproses al dan nie te onderhandel. Hierdie gesprekke behoort binne die volgende drie weke voortgesit te word.

Die NG Kerk hoop dat die regsproses spoedige uitsluitsel oor die aansoek sal bied.

NUUS UIT DIE SINODE

BEDIENING: VISIONERING (MODERAMEN)

DAG VAN GEBED/VEROOTMOEDIGING: Die Interimkomitee van die Moderamen versoek al die gemeentes en leraars van die Vrystaat, om **dié gebedsgeleentheid**, soos afgekondig deur die Algemene Sinode vir **Woensdag 14 Februarie 2018**, te ondersteun. Dit is veronderstel om 'n dag van verootmoediging en voorbidding te

wees, alle leraars het reeds verlede week dié skrywe vanaf die Algemene Sinode ontvang. Indien iemand dit nie gekry het nie, kontak gerus vir Thea Bosman by die Kommunikasiekantoor om die skrywe aan te stuur.

Dit staan gemeentes vry om die gebedsgeleentheid na gelang van eie omstandighede in te kleë. Ons doen egter 'n beroep op almal om die volgende sake vir gebed op julle onderskeie gebedslyste te plaas vir voorbidding, komende Sondag, Woensdag, of wanneer 'n geleentheid beskikbaar is:

1. Die voortslepende droogte in die Wes-Kaap en ook elders.
2. Elkeen se plaaslike situasie rakende reën. As dit reeds in julle omgewing gereën het, gebruik die geleentheid dan ook as dankdag vir die reën.
3. Die politieke situasie van die land.

Sondag 12 Februarie 2018: Onthou ook asseblief hierdie belangrike gebedsgeleentheid, reik ook gerus in julle omgewing uit na alle opvoedkundige instansies, asook hulle personeel.

BEDIENING: BEGELEIDING

Wêreldbekende kenner in prediking (Thomas Long) besoek Bloemfontein: Hiermee rig dié Bediening 'n uitnodiging aan alle leraars en belangstellendes om die geleentheid by te woon. Rev Thomas sal op **Donderdag 15 Maart 2018**, by die NG Gemeente Pellissier, Bloemfontein, praat oor sy boeke, *The Witness of Preaching* (oggend- en middagsessie) en *Beyond the Worship Wars - Building Vital and Faithful Worship* (aandsessie). *The Witness of Preaching* (1989, 2005 en 2016), is onlangs deur die *Preaching Magazine* as een van die mees invloedryke handboeke in prediking die afgelope 25 jaar, aangewys! Indien julle sou belangstel om die besondere geleentheid by te woon, klik asseblief op die volgende skakels vir die betrokke dokumente, **uitnodiging/inligting** - **program** - **inskrywingsvorm.** Ons besef terdeë dat dit regtig baie duur raak om in gastehuise, ensovoorts oor te bly en daarom word gratis oorslaapplek op versoek, by die gemeentelede van Pellissier gereël, let asseblief daarop!

BEDIENING: BARMHARTIGHEIDSDIENSTE (ENGO)

Gebed en Hospitaalsorg

Wanneer ons oor **gebed** praat, daaroor dink, of Bybelstudie oor gebed doen, vra ons gewoonlik, ***wat*** *sal ons bid, of* ***waarom*** *en* ***waarvoor*** *moet ons bid?,* want die Bybel sê mos in **Mat 7:7**, ***Bid, en vir julle sal gegee word…***

By die **hospitaal, of enige siekbed,** mag die dinamiese omstandighede nie uit die oog verloor word nie. 'n Besoek aan elke siekbed is anders, want die uniekheid van die pasiënt verskil van persoon tot persoon…

Lees gerus **hier** oor wat dr Hennie Maartens, hospitaalleraar in die Bloemfontein-omgewing, oor hierdie twee belangrike aspekte skryf. Indien u of 'n geliefde 'n besoek vanaf ENGO se Hospitaalsorgspan wil versoek, skakel 051 407 7234 (k).

#Feedyourbrain-Projek: Engo Gesinsorg Welkom, sien daagliks hoe pleegkinders sukkel om te lees wanneer hulle skoolvordering monitor. Dus het die kantoor 'n behoefte geïdentifiseer dat die pleegkinders se leesvermoë moet verbeter deur hulle meer aan boeke bloot te stel, dit sal ook daartoe bydra dat hulle skoolpunte verbeter.



Gedurende November 2017, het die kantoor begin om kinderboeke of enige leesboeke in te samel wat dan gebruik word as die pleegkinders tydens hul besoeke aan die kantoor moet wag, waarna hulle dan ook van die boeke kan saamneem huistoe. Die gemeenskap het hierdie projek wonderlik ondersteun en is baie positief daaroor byvoorbeeld, 'n swanger mamma se vriende het as toegangsfooi vir haar babatee, versoek dat gaste boeke moet skenk vir die projek, met die gevolg dat heelwat boeke ontvang is saam met die presentjies vir die nuwe pienkvoet!

Om 'n verskil te maak, begin net by een persoon wat daarna wyer kan uitkring. Baie dankie vir die skenkings en die wonderlike onselfsugtige gebaar.

Student in social work, doing his practicum at Sasolburg Child and Youth Care Centre:

Social work is a profession which one is in not for the income, but for the outcome and seeing someone's life change for the better. Kananelo Lesesa is a second year student from the North West University. He completed his practicum work at the **Sasolburg Child and Youth Care Centre**, a centre filled with much diversity and which is hope driven and the desire to see children's lives change for the better!

Kananelo found the experience to be very interesting and a learning curve for him as well, he was able to absorb as much information as possible which he could make use of in the future. Both the girls and boy's houses are kept up to a good standard, and the chores are distributed evenly. The child care workers at the centre are dedicated individuals who have given up their time to serve the community in an unmeasurable way. The social worker is a dedicated individual, who is passionate about her job and is willing to sacrifice her time to ensure she gets the job done.

Engo Gesinsorg Welkom daag die gemeenskap van Welkom uit om ook deel van die projek te word om sodoende 'n verskil te maak!

"The experience was amazing! If I could do it again I definitely would", said Kananelo. His departing message to the children at the center is, "may you find your purpose and never let your circumstances or past be a barrier towards you reaching your goals. You are amazing individuals and you still have so much offer! All the best with your academic year".

Besoek gerus ook ENGO se webblad by www.engo.co.za vir meer inligting oor al hulle werksaamhede

TEOLOGIESE FAKULTEIT - UV

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA
UFS·UV
THEOLOGY
TEOLOGIE

Gaslesing - Prof Chris Hermans:

Prof Hermans (*Radboud Universiteit Nijmegen*, Nederland en buitengewone professor aan Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van die Vrystaat), lewer die lesing op **Woensdag 14 Februarie 2018 vanaf 12:00 - 13:00** in die TLG 120, Teologie Gebou.

Sy tema is, ***Spiritual transformation: to be formed, re-formed and beyond form.*** Almal is welkom, toegang is gratis - ***bevestig asseblief net vooraf u teenwoordigheid*** by Annelize Dreyer (dreyera@ufs.ac.za)

Teologiese dag en die amptelike opening van die Fakulteit Teologie en Religie 2018:

Die geleentheid vind vanjaar vanaf **09:00 tot 13:00 op Maandag 19 Februarie** by die Odeion Ouditorium, Universiteit van die Vrystaat plaas. Die tema is, ***Versoening: Bybelse imperatief en die Suid-Afrikaanse werklikheid.*** Twee sprekers is genooi wat die tema sal belig te wete, prof Mary-Anne Plaatjies van Huffel, professor in die departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie (US), wat sal praat oor, ***Vanaf vergifnis na versoening - Versoening as 'n fundamentele Bybelse kategorie***, asook prof Nelus Niemandt, professor in die departement Godsdiens en Sendingwetenskap (UP), wat sal praat oor, ***Kompeterende narratiewe in 'n post-Zuma landskap.*** Prof Bram van de Beek, emeritus-professor van die fakulteit Teologie, *Vrije Universiteit*, Amsterdam in Nederland gaan die prediking waarneem. Belangstellendes is welkom om hierdie geleentheid by te woon - klik hier vir die uitnodiging.

GEMEENTE NUUS

(Foto Netwerk24)

'n Goeie nuus-storie: 'n Klein gemeente in die Vrystaat, laat Karooboere huil oor die voer en hoop wat hulle ontvang het! Tot die kinders kon nie genoeg van hierdie groot geskenk kry nie…

Ds Mossie Mostert van die NG Gemeente Oranjeville sê die volgende: *Die Bybel sê ons moet mekaar se laste dra en so die wet van Christus vervul. Op 'n ander dag help iemand ons weer.*

Hierdie berig het op 3 Februarie 2018 in *Volksblad* (Netwerk24), verskyn, lees gerus die volledige berig **hier**.

Sendelinge kuier by Woodland Hills:

Belangstellendes word uitgenooi om na die stories van Willem en Alla van der Colff, sendelinge uit die Oekraïne te kom luister. Hulle bedien vanaf 1995 in die Oekraïne en woon in die stad Vinnitsa - hulle bediening fokus om te bereik, te leer en te motiveer tot bedieningsbetrokkenheid. Hulle gaan gesels oor:

- Evangelisasie en Kerkplanting
- Dissipelskap [met 'n spesiale fokus op die gesin]
- Sending

Plek: Woodland Hills Gemeenskapskerk

Datum & tyd: Sondag 4 Maart om 18:00

Kontak gerus die kerkkantoor op 051 492 3064 indien jy sou belangstel om die geleentheid by te woon (daar moet reëlings getref word vir toegang tot Woodland Hills).

Daniël Mannekonferensie NG Heilbron-Suid: Hierdie gemeente tree op as gashere vir dié konferensie wat op **23 en 24 Februarie 2018**, by Vegkop naby Heilbron sal plaasvind. Alle inligting hieroor is reeds die afgelope week aan gemeentes in die Vrystaat gestuur - klik ook **hier** vir 'n volledige inligtingsdokument.

AKTUEEL / ALGEMEEN

EKOLOGIE (WATER)

Omdat water deel van ons almal se lewens is en so 'n belangrike hulpbron is waarsonder niemand kan klaarkom nie, deel ek graag die volgende met julle - ons moet almal leer…

Waterskaarste kan gevaarlik wees, vra maar vir Moses: David Botha (Projekspan Ekologie van die Sinode Wes-Kaap), skryf: *Die droogte en Dag Zero bedreig nie ons lewens nie, dit bedreig wel ons gewoontes. Uiteindelik sal dit helend en goed wees vir hulle wat bereid is om te leer. Hierdie **woorde** sal van groot waarde wees vir diegene wat hulle geestelik en emosioneel wil voorberei op die uitdagings wat wag* - lees gerus **hier** verder.

(Oorgeneem uit VrydagNuus, baie dankie)

So maak jy seker water is drinkbaar: Die **Wêreldnatuurfonds (WWF) van Suid-Afrika** gee die nodige antwoorde hieroor - lees gerus die **berig** soos dit onlangs op *Netwerk24* verskyn het.

Onthou asseblief die waterprojek van ds Riaan de Villiers van die Grootte Kerk in Kaapstad! Hy doen 'n vriendelike beroep op gemeentes in ander streke en provinsies om te help om **5 liter bottels met drinkwater in te samel** en vir hulle aan te stuur. Hy sê, …*ons probeer om kerkgeboue in ons omgewing te gebruik as verspreidingspunte vir drinkwater aan arm en weerlose mense en gemeenskappe. Ons wil nou reeds 'n groot voorraad opbou vir die potensiële Dag Zero indien ons watervoorsiening afgesny gaan word*. Kry meer inligting **hier**.

ALGEMEEN:

GESOEK! **'n Klavier vir Mooigenoeg Kampterrein:** Indien daar iemand is wat oor 'n klavier beskik wat in 'n werkende toestand is en dit moontlik kan skenk, of teen 'n redelike prys sal verkoop, kontak asseblief vir Adriaan de Ruiter, op 051 406 6700 (k), 083 302 2916, of stuur 'n e-pos aan reken@ngkvs.co.za Daar kom heelwat koorgroepe na Mooigenoeg wat werksessies hou en die huidige klavier voldoen regtig nie meer aan hulle behoeftes nie. Help die kampterrein asseblief indien moontlik!

Lees ook hier meer oor die volgende (in vorige Vrypos):

Vrystaat #imagine: Nampo, Bothaville (6-8 April)

Floradale Haven: Kampterrein te huur vir 'n wegbreek/konferensies

Sheri Brynard by NG Steynsrus (10 Maart)

VBO-geleenthede: Vroueleraars-retreat (19-21 Feb); SELA Musiekbedienings-opleiding (23-25 Feb); Werkswinkel - *Traumatic Incident Reduction* (5-8 Maart)

Wêreldbiddag vir Vroue (2 Maart)

Jesus - Die Passiespel (23-24 Maart)

NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS
1957 2017

CLF NUUS: *Seisoene van Genade*



Gelowiges pak elke jaar 'n geloofsreis aan en dit is dikwels 'n pad vol duwweltjies. Goddank dus vir stilhouplekke - vir die moontlikheid van besinning, nuwe asem, padkos. In ***Seisoene van Genade*** word geloofsreisigers gehelp om hulle belewenis by 60 sulke oorstanings onder woorde te bring. Van Adventstyd tot by Koninkrykstyd - en daarna. So word hierdie boek 'n handige, troostende gids in elke reisiger se bagasie. Dr Barend Vos is 'n predikant op die Noord-Kaapse platteland. Sy skryfwerk is reeds herhaaldelik bekroon. Indien u as gelowige, groei in u verhouding met God wil beleef, kontak CLF by (021) 873 0396, of stuur 'n e-pos na **order@clf.co.za**

PREDIKANTE NUUS

AFLOSLERAARS: Klik **hier** vir 'n lys van leraars/proponente wat beskikbaar is om in gemeentes af te los.

VAKATURES

LERAAR: TENTMAKER (KONTRAK) - NG ROSENDAL: Die gemeente wag aansoeke in vir die vakante pos, klik **hier** vir al die inligting - die **sluitingsdatum vir aansoeke is Saterdag 10 Februarie 2018.**

LERAAR VASTETERMYN (KONTRAK 3JR) - NG TWEELING: Proponente en leraars (jonger as 50 jaar), word uitgenooi om vir hierdie pos aansoek te doen, klik hier vir volledige besonderhede. **Sluitingsdatum vir aansoeke is Woensdag 14 Februarie 2018,** met diensaanvaarding vanaf 1 April 2018.

LERAAR VASTETERMYN (KONTRAK 3 JR) - NG THEUNISSEN: Die gemeente beskik tans oor 'n vakature vir 'n leraar. Volledige besonderhede is hier beskikbaar - **sluitingsdatum vir aansoeke is Saterdag 17 Februarie 2018.**

GEMEENTEBESTUURDER - NG BLOEMVALLEI: Hierdie gemeente, geleë aan die Renosterspruit in Bloemfontein, beskik oor 'n vakante halfdagpos en 'n vereiste is dat die geskikte kandidaat 'n lidmaat van die gemeentes sal wees/word. Klik hier vir meer besonderhede, die **sluitingsdatum vir aansoeke is Woensdag 28 Februarie 2018.**

MEDELERAAR - NG HOOPSTAD: Belangstelllendes kan nou vir hierdie vakante pos aansoek doen, klik hier vir meer inligting. Die **sluitingsdatum vir aansoeke is Maandag 5 Maart 2018**, met diensaanvaarding so spoedig moontlik.

VAKATURES - e-KERKBODE: 'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies, is gerieflik beskikbaar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, Kerkbode. Klik hier vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie.

VERJAARSDAE

... mag dit vir elkeen van julle 'n geseënde dag en lewensjaar wees:

11 Februarie: **Dr Koos Robb - KROONSTAD-NOORD** - 072 599 7772, jprobb@telkomsa.net

13 Februarie: **Ds Piet Fourie - SASOLBURG-TUINEDAL** - 082 463 0379, pietfou@telkomsa.net

Ds Gerber Roux - ODENDAALSRUS - 079 694 3934, gerberjmroux@gmail.com

TEN SLOTTE

Kom ons leer om saam met die dissipels bid...

laat U Naam geheilig word…

'n **Naam** was 'n belangrike aspek van menswees in Jesus se tyd. Dit het baie gesê van die persoon se karakter en integriteit. In 'n groot mate was 'n mens se naam die enigste kommoditeit waarmee jy kon handel. 'n Goeie naam het deure oopgemaak en 'n slegte naam het deure toegemaak. **God is ook jaloers oor God se naam**. Dit sien ons reeds in Eksodus 20 in die derde gebod, waar gesê word dat ons nie God se naam ydelik mag gebruik nie...

Hoe word God se naam geheilig? Dit gebeur nie net deur 'n klompie goed nie te doen nie, soos om God se naam as vloekwoord te gebruik, of om God in te trek as getuie by my argumente. Dit gebeur ten diepste wanneer ek my eie identiteit verstaan. Ek dra die naam van Christen. Dit beteken ek is deel van God se familie en ook 'n draer van God se naam omdat ek na die beeld van God geskape is. God se naam word dus ook geheilig as ek

met integriteit optree en lewe volgends die reëls van die huishouding van God. Ons moet verstaan dat 'n mens nie net kan bid, "***laat U Naam geheilig word***" en ons dan kan dink dié moet iewers in 'n vakuum gebeur nie. **God se naam word elke dag geheilig of ontheilig deur my optrede!**

Dr Carin van Schalkwyk is
Tentmakerleraar by NG Philippolis,
asook Skriba van die Vrystaat Sinode

KONTAK ONS

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: kerkinfo@ngkvs.co.za *of* ngkerkinfo@gmail.com
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719 (k)
Faks: 086 609 2547

INDIEN JY OP VRYPOS WIL INTEKEN, KLIK hier *(meld asseblief ook jou gemeente/dorp)*
AS JY VRYPOS WIL KANSELLEER, KLIK hier
NG KERK VRYSTAAT WEBBLAD: http://www.ngkerkvrystaat.co.za/
NG KERK VRYSTAAT FACEBOOK: Like

Stuur enige nuusgebeure, inligting na kerkinfo@ngkvs.co.za / ngkerkinfo@ngkvs.co.za
(spertyd vir indiening, Dinsdae @ 12:00, behalwe tydens skoolvakansies)

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier